HOËRSKOOL WATERKLOOF

MNR EN MEJ WATERKLOOF

BESKRYWING

Die Mnr. en Mej. Waterkloofkompetisie is ‘n aand gevul met mooi mense, kolligte, musiek, danse en kreatiwiteit. Tien seuns en tien meisies geklee in bekende modehuise se ontwerpersuitrustings, ding om die gesogte Mnr. en Mej. Waterklooftitel mee.

Bekendes uit die sport- vermaaklikheid-, mode- en filmbedryf wys as beoordelaars die wenners aan.

Gewilde gaskunstenaars hou die gehoor op hul tone. Dit is ‘n aand op Hoërkool Waterkloof se kalender waar die stampvol saal se toeskouers en finaliste die eregaste is. ‘n Verrykende geleentheid wat beslis ‘n moet vir elke leerder van Hoërskool Waterkloof is.

WIE MAG DEELNEEM AAN MNR EN MEJ WATERKLOOF?

Slegs graad 12-leerders van Hoërskool Waterkloof mag vir dié kompetisie inskryf. Dit is ‘n produksie waarna elke leerder in die skool uitsien om in hulle matriekjaar te mag deelneem.

Respek, Integriteit, Lojaliteit
R·I·L
#GRENSLOOS

#grensloos